

# FRAAI VIR DIE FEESTAFEL

***Vrolik 'n feesmaaltyd op met singende engeltjies***

**BENODIGDHEDE:** *Vir 2 plekmatjies en 2 servetringe: Coats Anchor-stringborduurgare, 1 string elk Carnation 027, Scarlet 046, dubbele drade per 2,5 cm; 110 cm breed); Gorse Yellow 0303, Peat Brown 0359, Cinnamon 0370, Marine Blue 0779 en 0849, Apricot 0868. Gebruik gare deurgaans driedubbel. 40 cm beige ewedraadstof (22 paar rooi skuinsband; drukkertjies, tapisserienaald nr. 24.*

**AANWYSINGS:** Knip 2 stukke van 42 x 35 cm uit materiaal vir plekmatjies en twee stukke van 17 x 15 cm vir servetringe.

Merk die servetringlappies in lengte en breedte.

Die diagram toon die volledige ontwerp vir die matjies en die afsonderlike motiewe vir die servetringe.

Die blanko pyltjie dui die oorlangse middel van matjies aan, die klein swart pyltjies dié vir die servetringmotiewe. Die pyltjies moet met die rygsteke saamval.

Elke agtergrondvierkantjie van die diagram stel 2 paar dubbele materiaaldrade voor. Die ontwerp word met kruissteek oor 2 paar dubbele drade geborduur, en reguitsteek word horisontaal, vertikaal en diagonaal oor 4 paar dubbele drade geborduur om 'n ster te vorm. Wanneer kruissteek geborduur word moet onthou word dat die boonste helfte van alle kruissteke in dieselfde rigting moet wys om 'n netjiese afwerking te verseker.

NA BLADSY 80

Slim Perls



vir slim slanke meisies






Wintertyd wil jy troetelbaar wees. Maar somer beteken 'n vietse lyfie. Skud dus die wintergenotjies af met Slim Perls. Sien ingeslote dieetplan.

Elke tablet bevat: Fenolftaleïen 32 mg. Kal. Nit. 32 mg. Oleorisin Capsicum 0,75 mg. Blournetileen 16 mg. Sakk. Alb. 100 mg. Mag. Steraat 5 mg. Amilum 35 mg.

Verkrygbaar by alle toonaangewende Apteke.

3616A


# FRAAI VIR DIE FEESTAFEL

VAN BLADSY 79

**PLEKMATJIE:** Met die lang kant van materiaal voor moet die aangeduide ontwerp 6 cm vanaf linkerrand begin word; volg diagram en sleutel tot borduurwerk. Knip oortollige materiaal weg tot 2,5 cm vanaf borduurwerk aan bo- en onderkant sodra borduurwerk voltooi is. Pars aan verkeerde kant van werk.

Werk rondom met skuinsband af. Maak tweede matjie op dieselfde manier.

**SERVETRING:** Met die lang kant van materiaal voor, moet die gekose motief op middel daarvan geborduur word; volg diagram en borduursleutel. Knip oortollige materiaal weg tot 1 cm vanaf borduurwerk aan bo- en onderkant sodra borduurwerk voltooi is. Pars aan verkeerde kant van werk.

Werk rande met skuinsband af. Werk drukkertjies aan elke hoek vas.

Kies 'n verskillende motief vir elke servetring.

**NOG 'N IDEE:** Die motiewe kan ook op klein stukkies oorskietmateriaal geborduur en dan reggeknip en op rooi kaartjies geplak word om besonderse geskenkkaartjies te vorm. Die gegewe hoeveelhede borduurgare is egter slegs bedoel vir plekmatjies en servetringe soos uiteengesit.
(Model E551) ●

## DIAGRAMME VIR ENGELTJIEMOTIEWE

### SLEUTEL TOT DIAGRAM

| | | |
|---|---|---|
| o | – | 027 |
| ● | – | 046 |
| x | – | 0303 |
| ■ | – | 0359 |
| ◪ | – | 0370 |
| = | – | 0779 |
| L | – | 0849 |
| • | – | 0868 |

**kruissteek**

⌊ ← – 0303 – **reguitsteek**

